

## BESTE TER WERELD

# Nuwe masjiene kan MDR-TB gou raaksien

ELSABÉ BRITS  
Kaapstad

**S**plinternuwe masjiene wat vir die eerste keer middelverstandige tuberkulose (MDR-TB) in staatshospitale kan diagnosteer, is deur die departement van gesondheid aangekoop.

Die masjiene, genaamd GeneXpert, is die beste ter wêreld en kan in minder as twee uur 'n uitsig aanvullende diagnose doen.

Altesaam 30 is vir die openbare sektor aangekoop, waarvan die Wes-Kaap drie ontvang het. Hulle word deur die Somerset-hospitaal se nasionale gesondheidslabotariumdiens gebruik en kan volgens me. Faiza Steyn, voordvoerder van die provinsiale departement van gesondheid, 100 toetses per dag doen.

Die huidige spuugmonstertoets neem tussen vier en ses weke en kan nie weerstandige teen die middel rifampicin aandui nie.


Volgens die nasionale departement van gesondheid sal die 52 gesondheidsdistrikte in die land elkeen uiteindelik minstens een GeneXpert tot hul beskikking hê. Daar is tans al minstens twee in elke provinsie.

'n Basiese toets kos R165, maar na verwagting sal die koste daal namarne die gebruik toeneem.

Prof. Keeran Dheda, verbonde aan die longinfeksies-en-immunitet-eenheid van die Universiteit van Kaapstad, het gesê Suid-Afrika behandel jaarliks sowat 50 000 TB-pasiënte, tussen 8 000 en 9 000 mense met MDR-TB en sowat 1 000 pasiënte met uiters weerstandige TB (XDR-TB). Die behandelingsyster vir MDR-TB en XDR-TB behoort nou te verdubbel, maar alle gevallen word nie

## Vinnige diagnose vir TB

Die nasionale departement van gesondheid het onlangs die eerste GeneXpert-masjiene aangekoop wat middelverstandige tuberkulose binne 2 uur geneties kan diagnoes.



Bron: New England Journal of Medicine

opgespoor nie. Mense weet nie hulle het die siekte nie en armoede speel ook 'n rol.

Voorts word die spuugmonstertoets net gedoen op mense wat voorheen gewone TB gehad het, terwyl nie almal wat MDR-TB kry voorheen TB gehad het nie. Baie mense met MIV/vigs het ook TB en hulle

sterf sonder dat 'n TB-diagnose ooit gemaak word, het Dheda verduidelik.

Die ander probleem met die spuugmonstertoets is dat dit soms vals negatiewe toets omdat die toets nie baie sensitief is nie. Dit sal egter steeds gebruik word.

Dheda meen die GeneXpert is

baie goeie nuus, maar die groot struikelblok is nog die koste.

"Dit is 'n stap in die regte rigting, want ons moet voorbly met die tegnologie. Die toets is vinnig. Mense moet met die spuugtoets weke lank vir 'n uitslag wag en tot 30% van hulle kom nooit weer terug nie," het hy gesê.

## Volstruisprodukte in winkels 'is volkome veilig'

TISHA STEYN  
Oudtshoorn

Die volstruisbedryfhou asem op vir die uitslae van intensiewe toetses wat gedaan word op volstruise nadat die H5N2-virusstam by hulle gedien is.

"Op die oomblik is daar in ooreenstemming met die internasionale diergesondheidsreëls 'n verbod op die vervoer, slagting en uitvoer van volstruise," het mnr. Anton Kruger, voorstitter van die Suid-Afrikaanse Volstruissakekamer, gister gesê.

"Omdat 90% van die volstruis-

vleis uitgevoer word, moet Suid-Afrika aan internasionale reëls voldoen. Die oorsprong van die virus moet so gou moontlik opgespoor word."

Die H5N2-virus is nie skadelik vir mense nie en moenie verwarring word met tipiese voëlgriep (H5N1) wat mense ook kan opdoen nie.

Klein Karoo International in Oudtshoorn het verbruikers versoek om volstruisprodukte op winkelrakke is volkome veilig vir menslike gebruik.

Volgens Kruger is die virus tydens roetine-toetses, wat elke 28 dae

op volstruise gedoen word, op 'n enkele plaas in die Oudtshoorn-omgewing gevind.

"Die teenwoordigheid van die virus is op 11 April bevestig. Sedertdien word gevorderde toetses deur die nasionale en provinsiale landboudepartemente gedoen.

"Die oorsprong moet gevind word sodat dit uitgeskakel kan word. Bemette voëls sal van kant gemaak en die karkasse vernietig word."

Die nasionale departement van landbou, bosbou en vissery het die publiek versoek om nie paniek te voorkom.

"Die H5N2-virusstam slaan op 'n moeilike tyd toe," het Kruger gesê. "Weens die droogte kry boere reeds swaar, want die meeste van hulle moet voer. Sou die verbod 'n maand lank duur, sal dit die bedryf sowat R108 miljoen aan uitvoerinkomste kos."

"Dié bedrag sluit ekstra voor vir volstruise uit wat slaggereed is, maar weens die verbod nie geslag mag word nie."

Die nasionale departement van landbou, bosbou en vissery het die publiek versoek om nie paniek te voorkom.